# Les 3 JESUS CHRISTUS IS MIDDELAAR

## 1. Jesus Christus is Middelaar

Kom ons lees 1 Timoteus 2 vers 5 saam!

"[5] *Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus* [6] *wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.* [7] *Met die oog hierop is ek aangestel as prediker en apostel, as 'n leraar om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie.*"

In die vorige twee lesse het ons gesien Jesus Christus is vandag werklik self die skepper van hemel en aarde, en terselfdertyd is Hy ook nog 'n gewone mens in die hemel.

Wat maak dit iemand wat só is: werklik mens en terselfdertyd ook werklik die Skepper van hemel en aarde?

Kyk na 1 Timoteus 2:5! Daar is net een God. Paulus praat hier van Jesus Christus. Hy is saam met die Vader en Gees – net een God. Maar Paulus sê in dieselfde asem Jesus is ook mens.

Omdat Jesus as persoon só is: Skepper en mens – is Hy Middelaar.

Wat is 'n Middelaar?

Kom ons kyk eers wat 'n middelaar nié is nie.

## 2. Jesus is nie bemiddelaar – die derde party – nie

Jesus is nie 'n bemiddelaar tussen God en mense nie.

Kyk hoe stel Paulus dit in Galasiërs 3:

"[15] *Broers, ek gaan nou 'n voorbeeld uit die gewone lewe neem. As 'n testament, wat maar net mensewerk is, eers geldig is, kan niemand dit ongeldig maak of iets daaraan toevoeg nie.* [16] *God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie "aan nakomelinge", meer as een nie, maar: "en aan jou nakomeling", net een, en hierdie nakomeling is Christus.* [17] *Hiermee wil ek dít sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak ...* [19] *Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee.* [20] *Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een.*"

'n Bemiddelaar is iemand wat tussen twee partye of persone onderhandel en skikkings bewerk. Dit is soos 'n ma wat tussen die kinders en pa vir vrede onderhandel. As daar 'n bemiddelaar is, is daar dus drie partye: die twee

opponente en die een wat in die middel staan. ’n Bemiddelaar is altyd ’n derde persoon.

Mense glo baiekeer so: God is een party en hulle is die ander party. Om vrede te maak kom Jesus tussen ons en God. Hy word die derde party.

Hoeveel partye is betrokke as God ons deel maak van al sy beloftes?

In vers 16 sê Paulus al God se beloftes is net aan een mens gegee, nie aan baie nie. Daardie één nakomeling, daardie één mens, is Jesus Christus.

In vers 20 sê Paulus weer God is net een. Waar God werk doen Hy alles self, sonder iemand wat iets namens Hom, of in sy plek doen. As God ons deel van sy beloftes maak, is daar nie drie partye nie, daar is net een – God.

Dit is presies net hoekom Jesus God en mens is: omdat God alles alleen doen sonder ’n tweede of derde party wat tussen mense en God, of saam met God en mense optree.

Jesus is nie ’n tussenganger tussen ons en God nie: Hy is self God aan die een kant, en Hy is ook self mens aan die ander kant. Daar is nooit ’n derde party tussen ons en God nie.

### 3. <u>Jesus is nie ’n geestelike middel tussen God en mense nie</u>

Jesus is Middelaar: Hy ís God en mens. Hy is nie sommer net ietsie nie.

Jesus is nie ’n middel om God en mense aan mekaar te plak of bymekaar uit te bring nie. Middelaar is hoe Hy as persoon is: Hy ís God en Hy ís mens.

’n Middel is iets wat mense gebruik om hulle doel te bereik en te kom waar hulle wil wees. Mense wil Jesus baiekeer gebruik as ’n middel. Hulle gebruik Hom soos gom: Hy moet God en mense aanmekaar plak. Hulle gebruik Hom soos ’n brug: hulle wil oor Jesus na God loop, en weer wegloop as hulle wil. Hulle gebruik Hom soos ’n deur: Hy is net iets waardeur jy moet loop om by God in of uit te gaan.

As Jesus net ’n middel is – is Hy net so ietsie tussen mens en God. Dit is hoe baie ongelowiges God sien. God is altyd ver van ons af, of los van ons af. Vir ongelowiges is Jesus ietsie soos gom, ’n brug of ’n deur wat ons gebruik om by God uit te kom, of aan Hom gebind te raak.

Jesus is nie ietsie tussen mense en God wat ver en los van mekaar is nie. Hy is mens en God. Johannes stel dit só in Johannes 1:

*“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2] Hy was reeds in die begin by God. [3] Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4] In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. ... [10] Hy wás in die wêreld-die wêreld het deur Hom tot stand gekom-en tog het die wêreld Hom nie erken nie ... . [14] Die*

*Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid*."

God is nooit ver of los van wat Hy gemaak het nie. Van die begin van die skepping af, is Hy die een wat lewe gee. Hy onderhou alles wat lewe. Hy los nooit sy skepping nie.

God woon nog altyd in sy skepping en is altyd in sy skepping. Daar was nog nooit 'n afstandsprobleem tussen God en mense nie. Die probleem is dat mense God nie erken as God en Hom aanbid as God nie. Al is Hy tussen en met hulle elke dag. Al is Hy die een wat hulle lewe gee en hulle lewe onderhou. Jesus is hierdie Skepper wat altyd by sy skepping is en dit onderhou – en Hy is mens ook.

Dis soos met 'n pa en kinders. Hy sorg vir hulle. Hy het die gawe van lewe aan sy kinders oorgedra. Hy voorsien huis, kos en klere. Hy woon saam en tussen die kinders. As die kinders voel pa is ver en los van hulle, is dit omdat hulle hom nie erken en sy gesag aanvaar nie. Dit is nie omdat hy nie naby of tussen die kinders leef nie.

### 4. Jesus is nie 'n oplosmengsel om God in mense te kry nie

Jesus is mens. 'n Mens kan niks anders wees as mens nie. Mense kan nie engele word nie. Jesus is God. God is Skepper van hemel en aarde en daar is niemand wat soos God kan wees nie. Iemand wat soos God wil wees – doen sonde. Dit is die hart en begin van alle sonde: om soos God te wil wees.

"4 *Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie,* 5 *maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken*." (Genesis 3)

Jesus het nie mens geword omdat God binne-in mense wou inkom en soos hulle wou word nie. God word nooit soos ons nie. 'n God wat soos 'n mens is, is 'n afgod.

" 6 *So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie.* 7 *Wie soos Ek is, laat hom dit sê, laat hom sy saak stel en dit aan My voorlê; laat hom 'n verklaring gee van wat gebeur het vandat Ek my volk lank gelede gemaak het en ook van wat sal gebeur; laat hy vertel van die dinge wat kom"* (Jesaja 44)

Daar is nie 'n tussentoestand waar 'n mens 'n bietjie soos God is, of God so bietjie soos 'n mens is nie. Hierdie mengsel van bietjie God wees en bietjie mens wees, is altyd afgodsdiens.

Jesus het nie so mengsel kom aanmaak nie. Hy is nie so bietjie God en so bietjie mens nie. Hy is werklik mens – gewone mens soos ons. Hy is werklik God – die Skepper van hemel en aarde.

Middelaar beteken nie dat Jesus so 'n oplosmengsel is soos water en pille wat ons dan moet drink om die pille in te kry nie. Jesus het nie God kom oplos in 'n menslike vorm sodat ons God in ons lewe of hart moet inkry nie. Ons kan God nie "inkry" nie, ook nie met Jesus as 'n soort mengeldrankie nie. Jesus het nie God en mens in Homself kom meng om vir ons in te gee nie.

## 5. Die Middelaar doen wat mens en God moet doen

Paulus sê in Galasiërs 3*:"[20] Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een."*

Die skrywer van die boek Hebreërs verduidelik in hoofstuk 8.

*"[6] Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. [7] As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. [8] Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [9] Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here. [10] Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. [11] Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken. [12] Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie." [13] Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn."*

Die ou verbond het twee partye gehad: God, wat in sy Tien Gebooie sê hoe mense moet leef, en mense, wat daarvolgens moet leef. As mense hierdie gebooie onderhou, dan sal die Here hulle seën en as hulle dit oortree, sal die Here hulle straf. God seën en straf, mense is gehoorsaam of ongehoorsaam.

Hierdie verbond het nie gewerk nie. Mense is ongehoorsaam. God móét hulle straf en veroordeel. Volgens hierdie verbond kan geen mens meer sy kind wees nie.

Toe maak God 'n nuwe verbond – 'n eenparty-verbond. Dit is 'n verbond waar God doen wat Hy moet doen, maar ook doen wat mense moet doen.

Wie moet gestraf word as mense sonde doen, God of mense? Wie moet beloon word as hulle goed doen, God of mense? Dit is mense! God kan nie gestraf word of beloon word nie.

Dit is die wonder van die Here! Hy het 'n manier gekry waarop Hy as God kan straf en terselfdertyd ook self die straf kan dra. Hy het 'n manier gekry waarop Hy self kan beloon, maar ook die loon kan ontvang. Hy word, en is, 'n mens terwyl Hy God is.

## 6. Die Middelaar staan aan altwee kante van die wet van God

Jesus is Middelaar. Hy is God en doen wat God moet doen: Hy beloon en straf mense vir hulle gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid. Maar Jesus staan ook aan die anderkant: Hy is 'n mens. Hy leef gehoorsaam aan die wet van die Here en Hy dra die straf van die wet.

Dit is wat 'middelaar' in die Bybel beteken – om gelyktydig aan altwee kante van die wet van die Here te kan staan.

Om aan die een kant self God te wees wat die wet gee en die wet toepas, maar terselfdertyd aan die anderkant te staan – om mens te wees wat die wet moet gehoorsaam en die gevolge moet dra van ongehoorsaamheid.

## 7. Net een Middelaar: Jesus Christus

Kom ons kyk weer na 1 Tim. 2: *" 5 Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus 6 wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het."*

Hoeveel persone is daar wat aan altwee kante van die Tien Gebooie kan staan: die bevel-kant en die gehoorsaam-kant? Net een! Net Jesus Christus!

Dit is hoekom Jesus mens en God is: om te kan doen wat net God kan – om aan altwee kante van die wet te gaan staan!

Wie doen dit? Het Jesus aan altwee kante van die wet kom staan sodat ons dit ook moet kan probeer doen, of het Hy dit kom doen – alleen? Jesus is nie Middelaar sodat ons ook middelaars kan wees nie. Dit is wat Paulus bedoel wanneer hy sê:

*"Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee. 20 Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een."* (Galasiërs 3)

Dit is iets wat God alleen doen. Waar God handel, is daar net een party: Hy!

## 8. Opsomming

Jesus is die enigste persoon binne en buite die skepping wat vandag mens én God is. Dit maak Hom uniek – Hy is die Middelaar. Hy staan aan altwee kante van die wet: die beveel- en gehoorsaam-kant. Daarom is daar net een wat doen – God.

In afgodsdiens is Jesus nie die persoon wat aan altwee kante van die wet van God staan nie. Hy is nie mens en God vandag nie.

Hy word 'n derde party tussen ons en God, 'n bind- en kleefmiddel tussen mens en God, of 'n mengsel waarmee ons God binne-in mense moet inkry.

Ons kerk se belydenisskrif, die Heidelbergse Kategismus, stel dit so:

Vraag 15: Hoe ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek ?

Antwoord: So een wat ’n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.

Vraag 16: Waarom moet hy ’n ware en regverdige mens wees ?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal. Maar die mens, wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie.

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees ?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid die las van die toorn van God aan sy mensheid te kan dra en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee.

Vraag 18: Wie is hierdie middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is ?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus, wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het.